Tema: Bind julle elke dag doelgerig stywer aan mekaar vas met die sterk en onblusbare band van liefde wat God in julle huwelik gee.

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 84-2: 1, 2
Lied 203: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 155: 1, 2, 3
Votum
“Prys die Here! Die Here ons God, die Almagtige, heers nou as koning.
Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak.
Seën
Loflied Ps. 45-2: 1, 2, 3, 9, 10
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Verootmoedigingsdiens
Wet: 7 de Gebod en Hebreërs 13: 1 – 6
Sing Sb 9-4: 1, 3
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Hooglied 7: 10 - 8: 14 (1933 Vertaling)
Teksverse: Hooglied 8: 6, 7 en 12
Sing: Ps. 112-2: 1, 2;
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawe
Sing Ps. 128-1: 1 (brs) en 2 (srs)
Seën
Amenlied: Sb 13-3.

Geliefde brs en srs

Die Here ons God ag die huwelik baie kosbaar. Toe Hy Adam en Eva gemaak het, het Hy onmiddellik die huwelik gemaak as die spesiale ruimte waarin man en vrou vir altyd saam kan leef. Die kosbaarheid van die huwelik vir God blyk nog verder deurdat ons Here Jesus Christus die verhouding tussen Hom en sy kerk vergelyk met die verhouding tussen ’n bruid en haar bruidegom. Hy gebruik ook die manier waarop Hy die kerk met mekaar omgaan as die voorbeeld en riglyn vir hoe man en vrou met mekaar in die huwelik moet omgaan!

Omdat God die huwelik so hoog ag as hoeksteen van samelewing, doen die Satan alles in sy vermoë om dit te vernietig. Van die vroegste tye het Satan op allerhande maniere probeer om hierdie verhouding wat God tussen man en vrou gevestig het, te verbreek! En hy gebruik ’n klomp wapens in sy arsenaal om dit reg te kry! Selfsug, eiewilligheid, versoekinge, seksuele begeertes, geld, rusie, jaloesie, onvergewensgesindheid en wat nog alles om man en vrou uit mekaar te dryf.

Satan het dit ook reggekry om die samelewing aan sy kant te kry. Deur die bevordering van sy leuens oor sogenaamde vryheid, indiwidualiteit, en die gerigtheid op die bevrediging van jou eie seksuele behoeftes, het hy die moderne samelewing sover gekry om die huwelik al hoe meer as uitgedien en outyds te laat sien. Meer en meer mense bevraagteken die betekenis van die huwelik en die sg. bande en beperkinge wat die huwelik op jou sou plaas!

Brs en srs, al hierdie invloede en denke raak my en jou ook direk. Ook oor hoe ons oor die huwelik dink. Dit maak dat ek en jy wat getroud is, ook die trekkrag van sonder en die denke van die wêreld in ons huwelike beleef.

Daarom hierdie vraag: Hoe kosbaar is jou huwelik nog vir jou? Hoe beleef jy die liefdesband tussen jou en jou eggenoot? Watter moeite doen jy om hierdie kosbare instelling van die Here in stand te hou en sy volle diepte in julle lewe te laat bereik! Hoe maklik gebeur dit nie dat ons maar net saam bestaan in die huwelik en dat ons nie meer die wonderlike kragte wat God daarin gegee het, ervaar nie! Omdat ons dit nie meer doelgerig gebruik nie!

Om hierdie rede sê die Here vanmore vir ons: Bind julle elke dag doelgerig stywer aan mekaar vas met die sterk en onblusbare band van liefde wat God in julle huwelik gee.

Ja, die Here gee iets besonders aan elke man en vrou wat in die huwelik tree! Hy gee die band van Goddelike liefde! Ons lees daarvan in ons teksverse: “ want liefde is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is ’n gloed van vuur, ’n vlam van die HERE.”

Liefde sterker as die dood! Liefdesywer of begeerte of toewyding sterker as die doderyk!

Waar kom dit vandaan? Dit kom van God. Die liefde wat God in die hart van man en vrou plaas en wat hulle na mekaar toe bring! Die Spreuke digter skryf in hf 30: 19 dat die liefde tussen ’n man en ’n vrou is ’n geheimenis wat God bewerk! In Hooglied 1 – 3 lees ons hoe hierdie liefde groei en ontwikkel, in hf 4 - 5 hoe die liefde in die huwelik bevestig word en in hf 5 en 6 hoe hierdie liefde verdiep en verinnig.

Hierdie liefde wat God aan ons geskenk het, het Jesus vir ons kom wys! Hy het ons kom leer hoe om lief te hê! Ons Here Jesus wat ons so liefgehad het dat hy sy lewe vir ons afgelê het sodat ons in hierdie sterk liefde van God kan leef! Dit is die liefde wat Jesus aan die kruis geopenbaar het en dit is die kragtige liefde waarmee God die Vader sy Seun uit die dood opgewek het! ’n Liefde sterker as die dood!

Brs en srs, hierdie sterk en onblusbare huweliksliefde is nie ’n mite of onbereikbare ideaal nie! Dit gebeur nie net in boeke en romantiese films nie! Dit is die werklikheid en realiteit van die gelowige se lewe! Want dit is hierdie selfde sterk liefde wat God in mense harte uitstort. Dit is die liefde van God wat die Heilige Gees in ons hart stort en werk sodat ons daarmee mekaar kan liefhê.
Ons teks se dit duidelik: dit is ’n gloed, ’n vlam van die Here wat Hy in mense se harte aan die brand steek. ’n Liefde wat onblusbaar is!: Daar staan: “Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere dit nie oorstroom nie”. Goddelike liefde is onblusbaar en onbreekbaar!

En dit is die liefdeskrag waarmee man en vrou mekaar in die huwelik kan liefhê en dien. Dit is die liefdeskrag wat Hooglied as liefdeslied besing! Gaan lees gerus weer deur die hele lied! Dit spreek van ’n man en vrou se liefde vir mekaar, Hulle begeerte en verlange na mekaar en hoe hulle mekaar daarmee koester en dien.
Brs en srs, dit is die liefde waarmee ek en jy in ons huwelike mekaar mee moet dien!

Hoe moet ons dit doen? Kom ons kyk wat leer die Here ons prakties hier!

Op grond van hierdie liefde wat God in hulle harte aan die brand gesteek het, vra die vrou vir haar man in vers 6:” Dra my soos ’n seëlring op jou hart, soos ’n seëlring op jou arm”. Wat sou dit beteken?
Die man se seëlring was een van sy kosbaarste besittings! Op hierdie seëlring is sy familiewapen en sy naam gegraveer en hulle het dit gewoonlik aan ’n kettingkie om die nek of om die arm of aan die vinger gedra. Hierdie seëlring was sy identiteit. Dit was die bewys van wie hy is en daarmee het hy die belangrikste saketransaksies van sy lewe beklink en onderteken!

Nou vra sy: dra my soos jou seëlring op hart! Maak my jou kosbaarste besitting! Wees lief vir my soos jy vir jouself lief is!

Brs, hoor julle die woorde van ons Here Jesus weerklink in hierdie begeerte van die vrou wanneer Jesus vir ons manne in Efesiërs 5 sê?
[25]Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. [26]Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, [27]sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik. [28]Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, [29]want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen [30]omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is.
[31]Daar staan in die Skrif: "Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees." [32]Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk. [33]Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en 'n vrou moet aan haar man eerbied betoon. "

My broer in die Here: is dit hoe jy jou vrou liefhet? Is dit hoe jy haar beskou ? As jou kosbaarste besitting en dat jy haar liefhet soos jy jou eie lewe liefhet? Sien sy dit in die manier waarop jy na haar kyk? In die manier waarop jy met haar praat? In die manier waarop jy haar respekteer? In alles wat jy doen om haar te dien en gelukkig te maak? Hoe jy na die voorbeeld van jou Here Jesus jouself opoffer om haar hierdie liefde te wys

Dis jou vrou se behoefte! Dit is wat sy van jou vra: Dra my soos jou seëlring op jou hart! Koester my as jou kosbaarste besitting! Ek wil weet dat ek die belangrikste mens in jou lewe is? Brs – weet ons vrouens dit? Sê ons dit vir hulle en tree ons so teenoor hulle op dat hulle dit sien en beleef?

In vers 11 en 12 is die man weer aan die woord. Wat is dit wat die man graag in hierdie verhouding wil beleef? Hier word metafories na koning Salomo se harem verwys as 'n wingerd wat hy moet laat oppas met al die vroue daarbinne.
Maar dan sê die man: koning Salomo hou maar jou harem, hier het ek my wingerd, my vrou, en sy is net myne! Ek begeer niks en niemand anders nie! My wingerd is myne!

My suster in die Here, wys jy jou liefde so vir jou man dat hy volledig daarmee vervuld leef? Sien hy dit in die manier waarop jy hom respekteer, in die manier waarop jy met hom praat, waarop jy na hom kyk en hoe jy jou liefde aan hom bewys en hom dien? Soveel so dat hy weet en ervaar – my vrou is my alles! Ek het niks of niemand anders nodig het nie!

Brs en srs, op hierdie manier moet ek en jy as huweliksmaats ons elke dag al hoe stywer aan mekaar vasbind met die liefdesvlam van die Here! Moenie die kwaliteit van julle verhouding en die geluk van julle huwelik as vanselfsprekend aanvaar nie! As ons nie op hierdie wyse ons liefde deurgaans in die huwelik beoefen en aan mekaar bewys nie – dan sal die verhouding stagneer en later tot niet gaan!

God gee die liefde maar ons moet dit deur die krag van die Heilige Gees moet beoefen! Ons moet die kragtige liefdesgawe wat God ons gee, gebruik! Anders neem ons sondige eie ek beheer van die situasie en word ons gewillige slagoffers van die wapens waarmee Satan ons huwelik wil verwoes!
Dit is waarom gelowiges se huwelike ook vernietig word! Want ons is sondige mense en ons sondige natuur sal altyd veg teen wat die Here ons hier leer oor hoe man en vrou teenoor mekaar moet optree!

Hoe kan ons in liefde lewe en ŉ gelukkig huwelik beleef ten spyte van ons swakhede en ons sonde? Wanneer ons saam voor Christus in geloof buig!
Dit is wat Paulus bedoel wanneer hy sê: “Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig”. Die enigste manier hoe hierdie onblusbare en kragtige liefde van God in ons lewens kan funksioneer is wanneer ons in geloof saam voor God buig!

Wanneer man en vrou ons sonde voor die Here ken en bely en ons daarvan bekeer en wanneer ons by die kruis van Christus leer hoe om mekaar ook te vergewe! Net soos ons God se vergifnis vir ons eie lewe nodig het, net so het ons mekaar se vergifnis in die huwelik nodig! Vergifnis gebou op die sterk en onblusbare liefde wat God vir ons het en wat Hy in Christus aan ons geskenk het.

Brs en srs, liefdesdade en vergifnis hou mense bymekaar en nie geld en materiële besittings nie. Twee keer in hierdie teksgedeelte word daar na die feit verwys dat geld nie sulke onblusbare en brandende liefde kan koop nie!
Hierteenoor wil die wêreld ons oortuig dat ons geld nodig het om gelukkig te wees – dit is ŉ leuen van die duiwel.

Brs en srs, kom ons hoor vanmore die roepstem van Here oor ons huwelike. Rondom ons is ŉ slagveld van stukkende en gebroke huwelike. Baie gelowiges se huwelike hang aan ŉ draadjie en dreig om te breek! Manne en vroue wat diep ongelukkig is omdat die vlam van die Here in hulle huwelike baie flou brand en dalk glad nie meer brand nie! Ook hier in ons gemeente!

Geliefdes: laat ons dan onsself elke dag al hoe stywer aan mekaar bind met hierdie sterk en onblusbare liefdesvlam wat ons van God ontvang het! Ons het nodig om hierdie liefde elke dag in ons verhouding met God weer sterk te maak en vir mekaar te gee, mekaar te dien en mekaar lief te hê.

Ja, al is daar reeds gebreke in die huweliksverhouding. Al is daar reeds pyn en seer in julle verhouding! Hoor weer wat die Here vanmore vir julle sê: Hy gee aan gelowiges in die huwelik ’n ongelooflike sterk krag: die onblusbare liefdesvlam van die Here. Niks kan hierdie liefde oorwin nie en niks kan hierdie liefde weerstaan nie! Nie wanneer twee mense saam hierdie vlam in Christus Jesus brandend hou nie

Bind julleself styf aan mekaar vas! So word die huwelik ’n wonderlike seën van die Here soos Hy dit ingestel het hoe Hy wil hê ons moet dit beleef! Dat man en vrou die heerlike krag van hierdie liefde kan beleef – ’n wonderlike seën van die Here waarvan ons in Psalm 128 lees:
Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en sy wil doen. [2]Die vrug van jou arbeid sal jy geniet,
gelukkig en voorspoedig sal jy wees. [3]Jou vrou is in jou huis soos ’n vrugbare wingerdstok,
jou seuns is rondom jou tafel soos jong olyfboompies!
[4]Kyk, so word die man (en vrou) geseën wat die Here dien.”

Amen